

Thirdly, the book is an object lesson in presenting research results. One of this book's more important methodological contributions is that it shows us how a subject far removed from us in cultural time-space can be integrated into our own lifeworlds and made familiar. Using a calendar and the very same months we live by is the most obvious way of connecting the middle ages with the reader's cultural world, as is the consideration of what people expected of the end of the first millennium. Archbishop Wulfstan of York's reputation and social role must become clear to anybody over forty who reads that Wulfstan was "... the Billy Graham of the year 1000, whose fire-and-brimstone sermons had folk trembling." (p.48) The point of all this is that solid research can be presented in a light-hearted way and with contemporary allusions and similes. Indeed, this kind of approach adds value to the research by making it accessible and meaningful to a larger circle of readers.

Lastly, although *The year 1000* consists largely of interesting but apparently trivial snippets of unconnected information, it is not merely an antiquarian compilation: the book has structure and purpose that gives it existential relevance. In their conclusion Lacey and Danziger declare that:

"Whether we today display more wisdom or common humanity is an open question, and as we look back to discover how people coped with the daily difficulties of existence a thousand years ago, we might also consider whether, in all our sophistication, we could meet the challenges of their world with the same fortitude, good humour, and philosophy." (p.201)

Geoff. Allen

RAU

Blik op werk van Schutte die vakman

G.J. SCHUTTE, *Het Calvinistisch Nederland; mythe en werkelijkheid*

Verloren, Hilversum, 2000

256 bladsye

ISBN 90-6550-637-3

Tien artikels en bydraes in versamelwerke deur die Nederlandse historikus Gerrit Schutte, wat ook in Suid-Afrika baie bekend is, is in hierdie boek saamgebundel ter geleentheid van sy sestigste verjaardag.

Schutte is sedert 1987 professor in die geskiedenis van die Nederlandse Protestantisme aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Al die hoofstukke in hierdie werk het dan ook met die rol van die Protestantisme, en in besonder die Calvinisme, in Nederland te make. Die opstelle, waarna ook in die voorwoord as oorsigsartikels verwys word, is nie direk op argiefnavorsing gebaseer nie, maar hoofsaaklik op gepubliseerde werke en handel almal oor belangrike temas in die Nederlandse geskiedenis.

Die term “het Calvinistisch Nederland” word volgens Schutte tans as cliché in die “journalistensociologie” gebruik om daarmee aan te dui “een land waar niks mag, somber en sober en zonder enige fantasie” (p. 202). Die eerste hoofstuk, ook getiteld “Het Calvinistisch Nederland”, is in 1988 as inaugurele rede gelewer. Daarin toon hy onder meer aan dat Abraham Kuyper, wat na die Calvinisme as die “grondtoon van ons volkskarakter” verwys het, en sy medestanders in die laat negentiende eeu ‘n geïdealiseerde beeld van die sewentiende-eeuse samelewing in Nederland, bestaande uit vrome Protestantse Christene, aan hul volgelinge voorgehou het. Aan die ander kant het die Calvinisme ook veral vanaf die negentiende eeu vir baie mense sinoniem geword met engheid en bekrompenheid, en dit het hul voorstelling van die sewentiende-eeuse Nederlandse samelewing beïnvloed. Hierdie beeld is na die Nederlandse samelewing in latere eeue deurgetrek.

In hierdie opsig is daar ‘n duidelike parallel met die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Twintigste-eeuse Afrikanernasionaliste het hul voorouers, die Kaapse trekboere en die Voortrekkers, as vrome Calviniste beskou en in hul lewensbeskouing en lewenswyse die karakter van die Afrikanervolk beliggaam gesien, terwyl ander skrywers wat ook die Calvinistiese beskouings van die negentiende-eeuse Afrikaners oorbeklemtoon hulle, daarenteen, eensydig negatief as eng, bekrompe mense beskryf. Sowel wat die sewentiende-eeuse Nederlanders as die negentiende-eeuse Afrikaners betref, is hierdie sienings heeltemal foutief, soos Schutte, in hierdie en ander werke, en ook ander historici aangetoon het.

Die tweede hoofstuk handel oor ‘n interessante en vir Suid-Afrikaanse historici baie belangrike vraag, naamlik hoe die sewentiende-eeuse Nederlanders hul Gereformeerde of Calvinistiese oortuigings kon rym met die slawehandel wat in daardie jare deur hulle beoefen is. Dit is ‘n vraag wat Karel Schoeman ook in sy nuutste boek, *Armosyn van die Kaap*, stel. In sy behandeling van die kwessie steun hy op Schutte se navorsing in dié verband. Schutte toon aan dat slawehandel en slawerny in bekende teologiese werke van daardie tyd veroordeel is en

dat die Nederlanders ook bewus was van die misbruike wat slawerny ingehou het, maar desnieteenstaande daarmee voortgegaan het. Daar was dus 'n diskrepansie tussen leer en lewe.

In die derde hoofstuk, wat handel oor die Gereformeerde Kerk in die gebiede onder beheer van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), toon Schutte onder meer aan, veral deur die Kaapse slawe en die Kaapse kerk in die breër konteks van die omstandighede in die VOC-kolonies te bekyk, dat Robert Shell in sy *Children of Bondage* verkeerdelik beweer dat Kaapse slawe-eienaars hul slawe nie laat doop het nie om daarmee te verhoed dat hul op vrystelling kon aanspraak maak. Hoofsaaklik op grond van hierdie wanopvatting het Shell tot die konklusie gekom dat die Kaapse koloniste die oorspronklike beskouinge van Calvyn gerepudieer het en so die grondslae vir 'n rasgegronde samelewing gelê het.

Die verdere hoofstukke, wat handel oor aspekte van die agtiende- en negentiende-eeuse Nederlandse geskiedenis het nie so direk met Suid-Afrika te make as hoofstukke 2 en 3 nie, maar is indirek ook van waarde om ontwikkelinge in Suid-Afrika te verstaan. Sy opstel oor die houding van die Gereformeerde Kerk en sy lidmate teenoor die Franse Rewolusie en teenoor die uitwerking daarvan op Nederland is van belang om die houding van die Nederlandse onderdane in die Kaapkolonie te begryp. Die hoofstuk oor die afskeidingsbeweging van 1834 in die Nederlandse Hervormde Kerk (die voortsetting van die ou Gereformeerde Kerk) belig ook kerklike ontwikkelinge in Suid-Afrika wat hierdeur beïnvloed is. Daar is vier hoofstukke wat veral te make het met die opkoms van die sogenaamde Neo-Calvinisme onder leiding van Abraham Kuyper en waarin onder meer ook Kuyper se invloed op Suid-Afrika kortliks bespreek word.

Hoewel die hoofstukke, soos in 'n bundel van hierdie aard verwag kan word, nie almal presies by mekaar aansluit nie en daar soms 'n bietjie herhaling voorkom, bied die boek tog 'n goed samehangende geheelbeeld van die wisselende verhoudinge wat daar bestaan het in die periode van ongeveer 1600 tot 1900 tussen Calvinistiese godsdienste en lewensbeskouing en die samelewing en kultuur in Nederland en sy kolonies. Baie van die sake wat hy aanraak, ook ten opsigte van Suid-Afrika, word in detailstudies deegliker behandel, maar in Schutte se boek word hierdie dinge in 'n wyer konteks geplaas, wat lei tot 'n ruimer perspektief. Daar sal beslis historici wees wat van sy besondere standpunte en perspektiewe op die Nederlandse geskiedenis verskil en wat sal meen dat hy die invloed van die Calvinisme, ten spyte van sy skerp kritiese blik op die doen en late van Nederlandse Protestante deur die eeue, in 'n te positiewe lig sien. Schutte se beskouings is

egter op deeglike ondersoek gegrond en sal nie sommer opsygeskuif kan word nie. Hy bewys hom in hierdie boek (soos in sy baie ander geskrifte) as 'n historikus wat sy gevolgtrekkinge versigtig, op grond van noukeurige studie, maak en wat steeds die verband tussen klein gebeurtenisse en groter ontwikkelinge in die oog hou.

Hierdie werk gee 'n goeie samevatting van die belangrike bydrae wat Schutte tot dusver as navorser met die besondere opdrag om hom in die geskiedenis van die Nederlandse Protestantisme te verdiep, gelewer het en toon dat hy hom as 'n gesaghebbende figuur op hierdie terrein gevestig het. Dit lyk daarom waarskynlik dat hierdie boek in die volgende dekades vir sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse historici (altans diegene wat Nederlands kan lees) 'n rigtinggewende werk en waardevolle naslaanbron sal wees. In hierdie verband is dit tog jammer dat die boek, wat tipografies goed versorg en van 'n aantal toepaslik illustrasies voorsien is, net 'n personeregister bevat en nie 'n meer volledige indeks nie.

P. de Klerk

PU vir CHO

Jan Smuts vir die Europese leser

M.H. VAN MEURS, *J.C. Smuts: Staatsman, Holist, Generaal*

Amsterdam; Suid-Afrikaanse Instituut

1997

516+VIII pp

ISBN 90 74112 13 7

Dat historiese werke oor Jan Christian Smuts net nie opdroog nie, beklemtoon myns insiens die diepte en wydte van hierdie merkwaardige Suid-Afrikaner se nalatenskap en betekenis. Sy veelsydigheid en intellek maak dat hy eenvoudig nie in die vergetelheid raak nie, ten spyte van sy tekortkominge. Onlangs nog het niemand minder nie as Shula Marks 'n artikel oor hom geskryf.

Van Meurs het 'n volwaardige biografie oor Smuts aangedurf. Hoewel hy hier en daar kommentaar lewer op ander Smuts-werke, onder meer feitelike en vertolkingsverskille met WK Hancock, bied sy eie biografie, met uitsondering van die gedeeltes oor Smuts as denker-filosof en wetenskaplike, eintlik nie veel nuuts nie. Oor die internasionale politieke loopbaan van Smuts is daar reeds heelwat

Historia 46(1), Mei 2001, pp. 271-84.